

Hoofstuk van die dag: Handelinge 2

> *En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. (vers 6)*

Wat Lukas vir ons hier beskryf, is die omgekeerde van die spraakverwarring by die toring van Babel (Gen. 11). Daar het

die mense in verskillende tale begin praat, en het ’n groot verwarring ontstaan. In Hand. 2 lees ons dat die mense onder beheer van die Gees ook skielik in ander tale begin praat het, tot groot konsternasie van die omstanders. Die groot verskil is dat niemand mekaar kon verstaan by Babel nie, maar op Pinkster kon al die mense in hulle eie taal hoor hoe groot God is. Dit het gelei het tot die geboorte van die kerk, wat vandag in elke taal in die wêreld bestaan.

Pinkster is dus die herstel van die oordeel van Gen. 11. Daar wou die mense ’n toring tot in die hemel bou en ’n groot naam vir hulleself maak. In Hand. 2 gaan dit nie om die mense se eie naam nie, maar om God se eer en om die Naam van Jesus te verheerlik, sodat Hý groot kan wees in die wêreld.

Dit is wat die Gees van God doen. Lees in dié verband gerus Kol. 1:15-20.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026